

10 Januarie

Jesaja 55:7-11 (Jes. 55:9)

Die hoëre gedagtes van God

Aan die begin van elke jaar of 'n nuwe dag bedink ons ons weë en kry baie gedagtes. Net soos vir Israel in die tyd van die profeet Jesaja, is die enigste anker ook vir ons die Woord van die Here. Mag hierdie belofte ons bybly: Ons God het hoëre gedagtes. Wanneer die Here dit aan Israel sê gaan dit sleg met die volk. Hulle het alles verloor en bevind hulle in Babilonië. Die volk het afgode aanbid en die Here gee sy volk oor aan die heidene.

In moeilike tye val Israel in vertwyfeling en hulle gedagtes word totaal aards.

Hulle sê: die Here het ons verlaat en vergeet. Hy sien hulle dan nie raak nie.

Dit word 'n bitter verwyd teen die Here. Die toekoms is vir hulle onbekend en donker. Hulle is soos die reisiger in 'n oerwoud in die nag.

Dan gee die Here sy Woord aan hulle: Soos die hemel hoër is as die aarde, so is my gedagtes hoër as julle gedagtes.

God se gedagtes - dit is wat Hy bedink en beplan. Dit is sy wil, sy Raad of sy pad.

Dit is hoër - ons haal nie daarby. Volgens Prediker 3:11: Ons kan die werke van God nie van begin tot einde begryp nie. Wat ons wel weet is dat sy gedagtes kosbaar is (Psalm 139:17) en volgens Psalm 25: God is goed in al sy handel.

So was dit ook met Israel - na loutering kom vergewing van sonde en herstel in Jerusalem. Hy het 'n heilige doel met sy volk. Uit hulle moet die Messias gebore word in die volheid van die tyd. Sy ewige koninkryk, die hemel, dit is die einddoel van ons God!

Wanneer die onbekende toekoms voor ons lê kan ons weet: bo ons lewe staan God met 'n plan. Al sy gedagtes is opgeteken in sy Woord, die Bybel. Sy plan bestaan, ons moet dit net nie weerstaan. Soek die wil van die Here - neem die Bybel en oral staan die bakens vir die groot wêreld maar ook vir my.

Wanneer ons verward wil raak soos in 'n woud vol afdraaipaaie, dan ken God die hoofpad daaruit. Ja, ompaaie word dan die hoofpaaie.

Vind rus by God in gebed. Al is die toekoms onbekend, nooit is dit onseker nie.

Hoop op God. Ons kan ons lewe in sy hande stel met groot geloofsvertroue. Hy het dan sy gedagtes aan ons bekend gemaak toe Hy sy Seun gestuur het: So lief het ons hemelse Vader ons gehad. Daar by Golgota vind ons die anker. Daar is hoër gedagtes by God.

Ds. J.C. van der Walt (Delmas)